Sondag, 24 Januarie 2021
Derde Sondag ná Epifanie

Gló die "goeie nuus" wat Jesus blý bring: God se Ryk is hier, naby ons...

"Die begin van die evangelie van Jesus Christus, die Seun van God. ... Nadat Johannes gevange geneem is, het Jesus na Galilea gegaan, waar Hy die evangelie van God verkondig het. Hy het gesê: 'Die bestemde tyd is vervul, en die koninkryk van God is op hande. Bekeer julle en glo die evangelie."
(Markus 1:1 en 14-15)

Dit is die vierde Sondag van 2021 en die jaar wat vir ons eens baie ver gevoel het, is hier. En ons almal probeer aan die gang kom, ons weg te vind, die onbekende jaar in. Terwyl ons opnuut daagliks leer om met slegte nuus, onverwagse aankondigings, nuwe ontwrigting en onsekerhede te leef...

Wat sou vandeesweek vir ons goeie nuus wees?

Markus gebruik die woord drie keer, hier aan die begin van sy vertelling oor Jesus van Nasaret: vers 1, 14 en 15 – *"euangellion"*, "goeie nuus" of "blye tyding". Evangelie. Nóg vier keer hierna (8:35, 10:29, 13:10, 14:9), meer as enige van die ander evangelies. "Goeie nuus". Vir Markus se gemeentetjie in Rome en die lesers van sy geskrif was die jare sestig en sewentig van die eerste eeu van ons jaartelling, 'n tyd van slegte nuus: natuurrampe soos droogte, aardbewings en vulkaniese uitbarstings woed rondom hulle; in Palestina het die Romeins-Joodse oorlog van 66-70 n.C. op die verwoesting van Jerusalem en die plundering van die tempel uitgeloop; elders in die Ryk is Christene verdaggemaak, gemarginaliseer, afgedank, onteien, gaandeweg al wreder vervolg – die toestande waarop in Markus 13 gesinspeel word!

Markus gebruik daardie woord – "evangelie" – wanneer hy oor Jesus Christus vertel, die "blye tyding van God", wat vra om geglo te word (1:15). Vir sy Joodse hoorders sou dit herinneringe oproep na die verwagting waarmee hulle geleef het – dat God se heerskappy as Koning sigbaar en konkreet gaan word, dat Hy 'n wending gaan bring, dat Hy die reg sal herstel (Ps. 40:10, 68:12, Jesaja 52:7). En in die Grieks-Romeinse wêreld weer, het "euangellion" beteken 'n nuwe keiser het die troon bestyg, 'n nuwe bedeling wat met mag afgedwing sou word en geen teenstand duld nie. En na beide kante gee Markus hier in sy eerste hoofstuk blyke: Jesus se doop, as vervulling van Ou Testamentiese verwagtinge oor die koms van die Gesalfde en God se Gees (1:9-11); daarteenoor die worsteling in die woestyn en die gevangeneming van Johannes, as tekens van 'n felle, komende stryd met die duisternis (1:12-14)...

Teen hierdie agtergrond, skryf Markus dan die "goeie nuus" neer: God se Boodskapper met die boodskap van Sy heerskappy is bý ons, in Christus – gló dit (1:15). Al beteken geloof 'n lewe in die spanningsveld tussen wat ís, en wat nog aankom, in jóu konteks.

JL.

Hartlik welkom by ons erediens vanoggend, gelei deur ds. Jan Lubbe en ons orrelis dr. Johan Cromhout. Die erediens is vooraf opgeneem en word via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *YouTube-kanaal* na alle lidmate uitgestuur.

LITURGIE

Intredelied: "O Jesus, kom tog nader" (Lied 153:1, 2 en 3)

Aansteek van wydingskers: Gerda Pretorius (wat vandag verjaar!)

Votum en seëngroet

Loflied: "Lofwaardig, groot is God die Heer" (Psalm 48:1 en 3)

Epiklesegebed: "Here God, na wie toe sal ons gaan...?"

Skriflesing: Markus 1:1 en 9-15
Markus 12:28-34

Verootmoediging: "Soek allereers die koninkryk van God" (Lied 471)

Kinderverhaal

Gebedslied: "Soek allereers die koninkryk van God" (Lied 471)

Prediking

Toewyding: "Soek allereers die koninkryk van God" (Lied 471)

Gesamentlike gebed: "Hemelse Vader, ons dank U vir dié goeie nuus..."

Slotlied: "Vreugdevolle tyding, bron van hartverblyding" (Lied 258:1 en 3)

Seënbede

Orrelnaspel: "Finale: Vreugdevolle tyding" (Albert Troskie)

Met dank aan ons digitale span, wat sommer vroeg in die nuwejaar weer aangetree het en hierdie opname/uitsending moontlik maak: Ampie Human; Danie Joubert; RW Adendorff; Adri van den Berg, Germarie Adendorff (blomme) en Rita van Zyl.

EREDIENS- EN DEURKOLLEKTES:
U kan 'n eredienskollekte na Berg-en-Dal oorbetaal, elektronies via die internet of per snapscan soos aan die einde van hierdie *Fokus*. Dit hou ons eredienste en ander bedieninge in stand; help met noodleniging rondom en betaal ons ook elke Sondag 'n bedrag (R 1 000) oor aan die betrokke instansie soos op ons program vir deurkollektes aangedui sodat hulle werk kan voortgaan – vandag, 24 Januarie, vir die Vennootskappe NGKA Vrystaat in Botshabelo. Dankie vir jou bydrae en voorbidding vir hierdie werk.

Eredienste volgende Sondae:

Sondag, 31 Januarie	Oggenddiens: Ds. Johan Marais Aanddiens: Ds. Jan Lubbe (Taizé)
Sondag, 7 Februarie	Ds. Jan Lubbe

Weens die geldende Covid 19-inperkingsregulasies en die veiligheid en gesondheid van ons almal, kan ons nie tans eredienste in die kerkgebou hou nie, en word alle dienste voorafopgeneem en na lidmate uitgestuur. Ná die 15e Februarie en sou die situasie verander, sal ons weer reëlings kommunikeer.

MEELEWING EN VOORBIDDING

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

24 Januarie	Charlene Smith, Gerda Pretorius, Bertie Fourie, Annette de Wet, Jors v/d Schyff en Pieter Muller.
25 Januarie	Zanya Engelbrecht en Alexander Hutton.
26 Januarie	Jan Erasmus, Hannetjie Beneke, Deon Loots, Deon Venter en Christiaan Bothma.
28 Januarie	Mereen Jordaan, Hendrik Burger en Colette du Plessis.
29 Januarie	Flip Benade en Andries J van Rensburg.
30 Januarie	Christa Strydom, Pieter Liebenberg en Maria Magdalena Jacobsz.

Ons gelukwense ook aan Louwrens en Anel-Marie Badenhorst, met die geboorte van hul tweede seuntjie – Hendrik – die naamgenoot van sy oupa, Hendrik Swart; aan die hele familie én oupa- en oumagrootjie, Louwrens en Hettie Badenhorst, seën toegebid.

Graag verwelkom ons teologiese student Lunette Visser wat hierdie week met haar praktiese Gemeentejaar in Berg-en-Dal begin, die afronding van haar opleiding as predikant. Ons het haar die afgelope twee jaar as lidmaat, diaken en kategeet leer ken: nou sien ons uit na ‘n jaar van afronding, welkom Lunette! Sy woon in Universitas, en haar kontaknommer is 071 403 5507.

Ons dink in gebed aan lidmate wat siek is, in hospitale of tuis: Petro van Pletzen (DickieClarkstraat 12, wyk 5b); Tannie Erna Gouws (Serenitas 161, wyk 15b); Nadiha Visser (Van Schoorstr. 31, wyk 3a); Manie Engelbrecht (Siësta, wyk 10) en Brian Grimbeek (Genl. Cronjéstr. 9, wyk 9a). Ons is dankbaar saam met lidmate wat van Covid-19 herstel het en dink aan almal wat steeds deur hierdie beproewing en ontwrigting gaan – ons tuinwerker, Andrew Pitso is ook siek; ons dink ook aan dokters en verpleegpersoneel en nooddienste wat dapper teen die pandemie stry...

By die name vir meegevoel – die families Van der Merwe, Klindt en Carshagen wie in die afgelope vakansie geliefdes verloor het – voeg ons ook die naam van Tannie Hanna Lubbe (Serenicare 22), wie se swaer in Johannesburg oorlede is.

BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES

Die Mannegebedsgroep tree in vir ons gemeente, land en mense – kontak ds. Johan indien jy ook die gebedsversoeke per whatsapp wil ontvang.

'n Gemeentegebedsgroep bid gereeld saam oor aktuele sake vir ons land – kontak Elise Ferreira (082 846 2574) om meer inligting te ontvang.

Die Woensdagaandgroep hervat hierdie week hul Bybelstudie en begin met 'n nuwe reeks oor vier kort Nuwe Testamentiese briewe (**1-3 Johannes & Judas**). 'n Kort video (3 minute), werksbladsy en stemboodskap met meer inligting word Woensdagaande per whatsapp na jou aangestuur. **As jy hierby wil inskakel, stuur 'n boodskap na ds. Jan by 082 784 9362**. Almal welkom!

KERKRAADSAKE

Pastorale sorg:

Wyke 1-10	– ds. Jan Lubbe (082 784 9362)
Wyke 11-20	– ds. Johan Marais (084 517 8052)

As leraars (en ouderlinge) wil ons lidmate graag pastoraal bystaan en bemoedig; indien daar 'n behoefte vir pastorale ondersteuning of gesprek is, kontak ons.

Gasvryheidsbeurte, sorg-en-omgee: Gedurende Januarie staan vrywilligers en Barmhartigheidsbediening in vir die etes by Bloemshelter en blomme in die kerk – indien jy kan help, kontak gerus die kerkkantoor of Rita (083 656 1680), dankie.

Kantoorure: Vanweë die Covid 19-inperking, sal ons kerkkantoor voorlopig nog nie open nie; alle personeel is deurgaans per epos of selfoon beskikbaar. Kontak Rita van Zyl (083 656 1680) of Adri van den Berg (0826138452).

BEDIENINGE

GEMEENTEBEDIENING

Jaarprogram: Ons **Almanak 2021** met alle inligting oor werksaamhede en kontak-besonderhede van leraars, kerkraadslede en wyksleidsters is in twee formate beskikbaar (A3 en 'n A5-boekie) – baie dankie aan Ellen-Anne Swart en haar span helpers! Kontak die kerkkantoor (Rita of Adri) om vir jou eksemplaar te reël. Let wel dat weens die Vlak 3-inperking programme soos die Gemeentemark, Werkersklas en Kuierklub uitgestel is tot ná 15 Februarie, ten minste...

Nuwe Afrikaanse Bybel 2020: Die "Direkte Vertaling" kan by Rita van Zyl (083 656 1680) bestel word; sodra ons kan, sal ons 'n amptelike ingebruikneming reël...

JEUGBEDIENING

Kategese: Vanweë die opening van die skole wat uitgestel is tot 15 Februarie, moes ook die hervatting van ons kategese aanskuif, waarskynlik tot Sondag, 21 Februarie; sodra ons meer duidelikheid het oor kleiner byeenkomste, sal ons die inligting aan ouers en kinders deurgee. Hou moed, en sterkte vir die "leerjaar" aan jonk en oud!

NG Kerk Berg-en-Dal
ABSA
Tjekrekening 470-580-011

SnapScan

Op berge en in dale,
oral voor Gods aangesig.